# 7 MAART 2019

# 16:00-17:00
# Poësie: Sillabusuiteensetting vir Graad 4 – 7



pmuller

PVATN-KONGRES

7 MAART 2019

# 1. Voorskrifte in die sillabus vir poësie-aanbieding in Graad 4 – 7

Voordat ŉ poësieles vir Afrikaans Eerste Taal of Afrikaans Tweede Taal beplan kan word, moet die toepaslike sillabus eers deeglik bestudeer word.

Die sillabus vir Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal gee die volgende inligting:

- Die minimum aantal gedigte vir elke graad wat per jaar onderrig moet word.
- Die voorskrifte vir die onderrig van poësie en sekere wenke vir die voordrag van gedigte.
- Die algemene en spesifieke doelstellings per graad.

## A. Minimum voorgeskrewe leeswerk per graad:

Die sillabus gee die volgende voorskrifte:

**I. Afrikaans Eerste Taal**

- Graad 4: 4 gedigte per jaar.
- Graad 5: 4 gedigte per jaar.
- Graad 6: 5 gedigte per jaar.
- Graad 7: 6 gedigte per jaar.

**II. Afrikaans Tweede Taal**

- Graad 4: 4 gedigte per jaar.
- Graad 5: 5 gedigte per jaar.
- Graad 6: 6 gedigte per jaar.
- Graad 7: 7 gedigte per jaar.

Dit is belangrik dat die onderwyser die voorgeskrewe leeswerk (poësie en prosa) in die sillabus op die werkskema vir die jaarlikse beplanning sal aandui. Vir volledigheid word alle voorgeskrewe leeswerk (poësie sowel as prosa) per graad ingesluit in die beplanning. Neem die sillabus en verdeel die voorgeskrewe leeswerk van die graad wat onderrig word in drie termyne. Hier volg ŉ voorbeeld hoe dit gedoen kan word.

**i. Afrikaans Eerste Taal se verdeling sal moontlik soos volg lyk:**

| **EERSTE TAAL: GRAAD 4 – 7** | | |
|---|---|---|
| Literatuurstudie: Minimum voorgeskrewe leeswerk:<br>**Algemene doelstelling**: Leerders sal ŉ verskeidenheid voorgeskrewe literêre tekste lees en daarop reageer. | | |
| **Graad 4:** | | |
| (4 gedigte per jaar) | | |
| **TERMYN 1** | **TERMYN 2** | **TERMYN 3** |
| 2 gedigte | 1 gedig | 1 gedig |
| (3 kortverhale OF 1 kort roman – kinderverhaal – per jaar) | | |
| 1 kortverhaal | 1 kortverhaal | 1 kortverhaal |

| EERSTE TAAL: GRAAD 4 – 7 | | |
|---|---|---|
| **Graad 5:** | | |
| (4 gedigte per jaar) | | |
| **TERMYN 1** | **TERMYN 2** | **TERMYN 3** |
| 2 gedigte | 1 gedig | 1 gedig |
| (4 kortverhale OF 1 kort roman – kinderverhaal – per jaar) | | |
| 2 kortverhale | 1 kortverhaal | 1 kortverhaal |
| **Graad 6:** | | |
| (5 gedigte per jaar) | | |
| **TERMYN 1** | **TERMYN 2** | **TERMYN 3** |
| 2 gedigte | 2 gedigte | 1 gedig |
| (5 kortverhale OF 1 kort roman OF 1 drama – kinderverhaal – per jaar) | | |
| 2 kortverhaal | 2 kortverhale | 1 kortverhaal |
| **Graad 7:** | | |
| (6 gedigte per jaar) | | |
| **TERMYN 1** | **TERMYN 2** | **TERMYN 3** |
| 2 gedigte | 2 gedigte | 2 gedigte |
| (6 kortverhale OF 1 kort roman OF 1 drama – kinderverhaal – per jaar) | | |
| 2 kortverhale | 2 kortverhale | 2 kortverhale |

**ii. Afrikaans Tweede Taal se verdeling sal moontlik soos volg lyk:**

| AFRIKAANS TWEEDE TAAL: Graad 4 – 7 | | |
|---|---|---|
| **Algemene doelstelling**: Leerders sal verhale, stories en gedigte lees. | | |
| Minimum voorgeskrewe leeswerk per graad: | | |
| **Graad 4:**<br>4 gedigte EN 'n seleksie van 3 kortverhale<br>OF 1 kort roman (kinderverhaal) per jaar | | |
| **Termyn 1** | **Termyn 2** | **Termyn 3** |
| 1 gedig en<br>1 kortverhaal | 2 gedigte en<br>1 kortverhaal | 1 gedig en<br>1 kortverhaal |
| **Graad 5:**<br>5 gedigte EN 'n seleksie van 4 kortverhale<br>OF 1 kort roman (kinderverhaal) per jaar | | |
| **Termyn 1** | **Termyn 2** | **Termyn 3** |
| 2 gedigte en<br>1 kortverhaal | 2 gedigte en<br>2 kortverhale | 1 gedig en<br>1 kortverhaal |

| **Graad 6:**<br>6 gedigte EN ’n seleksie van 5 kortverhale<br>OF 1 kort roman (kinderverhaal) per jaar | | |
|---|---|---|
| **Termyn 1** | **Termyn 2** | **Termyn 3** |
| 2 gedigte en<br>2 kortverhale | 2 gedigte en<br>2 kortverhale | 2 gedigte en<br>1 kortverhaal |
| **Graad 7:**<br>7 gedigte EN ’n seleksie van 5 kortverhale<br>OF 1 kort roman (kinderverhaal) per jaar | | |
| **Termyn 1** | **Termyn 2** | **Termyn 3** |
| 2 gedigte en<br>2 kortverhale | 3 gedigte en<br>2 kortverhale | 2 gedigte en<br>1 kortverhaal |

## B. Voorskrifte vir onderrig en voordrag:

In Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal moet leerders gedigte kan waardeer en hulle moet gedigte geniet. Om ’n gedig te kan waardeer, moet jy dit ten volle verstaan. Die groot klem is dus op die verstaan van gedigte en dat hulle gedigte moet geniet! Om gedigte te verstaan, is dit noodsaaklik dat daar goedgerigte vrae oor elke gedig aan leerders gevra word.

Omdat gedigte dikwels in beeldende taal geskryf is, moet genoeg leiding aan leerders gegee word om die beeldende taal te verstaan. In Afrikaans Eerste Taal moet die vermoë om beeldspraak en die effek daarvan te herken, by leerders gekweek word. Ander taal- en literêre aspekte wat noodsaaklik is om gedigte te verstaan en te geniet, moet ook aan leerders verduidelik word.

Om die doelwit te bereik dat leerders die gedigte geniet, is verskeie faktore belangrik.

**I.** **Die keuse van die gedigte is van die grootste belang**.

1) Kies gedigte wat by die belangstelling en vlak van die leerders pas.
2) Kies goeie kinderpoësie. Die kenmerke van goeie kinderpoësie word kortliks genoem.
   - Die suggererende ritme verhoog die kwaliteit.
   - Die heerlike nabootsende, suggererende klankespel, byvoorbeeld in gedigte wat ’n trein, ensovoorts, tot tema het, help met die ouditiewe belewing van die gedig.
   - Die rol van suggestie in dié sin dat belangrike gevolgtrekkings aan die leser of hoorder oorgelaat word.
   - Kammawoorde en ander oorspronklike woordvondse soos byvoorbeeld “likkedil” en “krokkewaan” verskaf humor.
   - Die egte kinderlike gevoel van warme liefde, vertedering, verleentheid, kammaverontwaardiging, kordaatheid, ligte leedvermakerigheid en ek-bewustheid is belangrik in goeie kinderpoësie.
   - Die fyn humor en kinderlike ondeundheid spreek leerders aan.
   - Die verrassende slot is gewoonlik humoristies en leerders geniet dit.
   - Die soepelheid, beweeglikheid en lewendigheid van die verse verskaf genot.
   - Die ryke verbeelding wat bepaalde stadia in kinderontwikkeling kenmerk, is tipies van goeie kindergedigte.

- Die werking van refrein (die herhaling van woorde, frases, sinne) verskerp sekere beelde.
- Die gevatte kinderlike siening van bv. goggas, reptiele, diere en mense fasineer leerders.
- Die uitbeelding van gesonde, gelukkige menseverhoudings beïnvloed leerders se menseverhoudings positief.

II. **<u>Goeie vertolkende voorlees deur die onderwyser maak die gedig genotvol</u>**. Toepaslike aspekte van goeie vertolking is van die uiterste belang. Die onderwyser moet aandag gee aan die volgende:
1) Hoe moet hierdie of daardie reëls gesê word? (stemtoon);
2) Met watter tempo (spoed) moet hierdie of daardie reëls uitgespreek word?
3) Met watter intensiteit (stemsterkte) moet hierdie of daardie reëls gelees word?
4) Word daar met die regte frasering (gehoorsaam enjambemente en punktuasie in die gedig) gelees?
5) Word daar op behoorlike uitspraak gekonsentreer?

Wanneer die onderwyser die voorbeeld stel, sal – volgens die voorskrifte in die sillabus – die "*afgesaagde en singerige koorlees van gedigte*" nooit aangemoedig of toegelaat word nie. Dan sal leerders "*eerder gelei word om die gedigte met gevoel en 'n interpretasie van die emosies wat ter sprake is, te lees*."

## C. <u>Die algemene en spesifieke doelstellings per graad:</u>

Die algemene doelwit is altyd **om kennis en begrip van en waardering en liefde vir die poësie te ontwikkel**.

Voordat 'n poëseles aangebied word, moet by die algemene en spesifieke doelstelling van die graad en vlak (Eerste Taal of Tweede Taal) begin word. Die sillabus dui aan dat aktiwiteite wat vir Graad 4 gelys is, ook in die daaropvolgende grade gebruik kan word.

Hier volg nou die algemene en spesifieke doelstellings uit die sillabus. Die spesifieke doelstellings is per graad gerangskik, sodat Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal goed met mekaar vergelyk kan word.

Die **<u>algemene doelstelling</u>** vir die hele fase (Graad 4 – 7) in elke vlak (Eerste Taal of Tweede Taal) is presies dieselfde:

- Die **<u>algemene doelstelling</u>** vir Afrikaans Eerste Taal vir Graad 4 – 7 is: *Leerders sal 'n verskeidenheid voorgeskrewe literêre tekste lees en daarop reageer*.

- Die **<u>algemene doelstelling</u>** vir Afrikaans Tweede Taal vir Graad 4 – 7 is: *Leerders sal verhale, stories en gedigte lees*.

Die **<u>spesifieke doelstellings</u>** per graad is die volgende:

i. **<u>Graad 4</u>**: Leerders behoort in staat te wees om:
❖ **<u>Afrikaans Eerste Taal</u>**
a. die basiese eienskappe van vrye verse en eenvoudige gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym word vir Graad 4 voorgestel]).
b. die titel, skrywer, illustreerder, uitgewer en samevatting van 'n literêre teks te identifiseer.

- ❖ **<u>Afrikaans Tweede Taal</u>**

  Leerders behoort in staat te wees om eenvoudige en kort gediggies selfstandig te lees en vrae daaroor te beantwoord.

ii. **<u>Graad 5</u>**: Leerders behoort in staat te wees om:

- ❖ **<u>Afrikaans Eerste Taal</u>**
  a. die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym en kruisrym word vir Graad 5 voorgestel]; beeldspraak [*die vergelyking word vir Graad 5 voorgestel]).
  b. die titel, skrywer, illustreerder, uitgewer en samevatting van ’n literêre teks te identifiseer.
- ❖ **<u>Afrikaans Tweede Taal</u>**

  Leerders behoort in staat te wees om sleutelaspekte van gedigte uit te wys, soos die titel, inhoud, atmosfeer.

iii. **<u>Graad 6</u>**: Leerders behoort in staat te wees om:

- ❖ **<u>Afrikaans Eerste Taal</u>**
  a. die effek van elementêre literêre aspekte soos die vergelyking, metafore, personifikasie en die gebruik van leestekens in gedigte te identifiseer.
  b. *die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym, kruisrym en gebroke rym word vir Graad 6 voorgestel]) – voortbouing op vorige jaar se werk.
- ❖ **<u>Afrikaans Tweede Taal</u>**

  Leerders behoort in staat te wees om kommentaar te lewer oor houdings en emosies soos in gedigte uitgedruk deur digters.

iv. **<u>Graad 7</u>**: Leerders behoort in staat te wees om:

- ❖ **<u>Afrikaans Eerste Taal</u>**
  a. die effek van woorde en ander literêre tekste te identifiseer.
  b. kommentaar te lewer oor die bedoeling van die skrywer.
  c. eenvoudige verskille tussen twee tekste te kan uitwys.
  d. *die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym, kruisrym, gebroke rym en omarmende rym word vir Graad 7 voorgestel]) – voortbouing op vorige jaar se werk.
- ❖ **<u>Afrikaans Tweede Taal</u>**

  Leerders behoort in staat te wees om kommentaar te lewer oor temas en taalgebruik van digters.

*Hierdie gedeeltes is bygevoeg om aan leerkragte meer leiding te verskaf.

# 2. Basiese lesprosedures vir Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal

Die lesprosedures vir Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal verskil, omdat die algemene en spesifieke doelstellings verskil. ʼn Graad 4-les vir Afrikaans Eerste Taal sal eers aangebied word en daarna sal ʼn Graad4-les vir Afrikaans Tweede Taal aangebied word om aan onderwysers die nodige riglyne te gee.

## A. Graad 4-les vir Afrikaans Eerste Taal

**Algemene doelstelling:** *Leerders sal ʼn verskeidenheid voorgeskrewe literêre tekste lees en daarop reageer.*

**Spesifieke doelstelling:** *Leerders behoort in staat te wees om*

- *die basiese eienskappe van eenvoudige gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym word vir Graad 4 voorgestel]).*
- *die titel en skrywer van ʼn literêre teks te identifiseer.*

Hier volg nou die gedig met die vrae wat gebruik word:

**Tema: Kattemaai (Tema in *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 4*)**

**Die Vis** deur Marie Niemeyer

Ek is ʼn wilde, woeste haai
wat jakker in ʼn vreemde baai.
Ek flits deur water diep en blou
om snoek te vang en kabeljou.

O, ek is ʼn woeste vis.
Hul koes maar as ek honger is.
Hul's bang vir my; ek swem so gou.
Ek spoor hul op en vreet hul rou.

Ek dartel oral heen en weer,
die branders slinger op en neer.
Hul breek in skuim, ek duik weer in,
bo sien hul net my skerpe vin.

Nou gly ek oor die diep seesand;
maar ag, daar's Ma weer buitekant!
"Spat jy al weer die vloere nat?
Karools, klim dadelik uit die bad!"

Uit: *Keur vir ons kinders*, saamgestel deur Jan Kromhout.

1. Die gedig se naam word ook ***die titel*** genoem. Wat is die titel van hierdie gedig?
2. Die persoon wat die gedig geskryf het (die digter), word langs die titel genoem. Wie is die digter van hierdie gedig?
3. Die persoon wat die digter gebruik om die gediggie soos ***Die Vis*** te vertel, word **die spreker** genoem. Watter soort spreker kry ons in die gedig? Kies die regte antwoord: Die spreker in hierdie gedig is ŉ (ek-spreker/derdepersoonspreker – hy/sy).
4. Elke reël in die gedig word ŉ versreël genoem, byvoorbeeld "*Ek is ŉ wilde, woeste haai*". Hoeveel versreëls is daar in die gedig?
5. Lees die eerste versreël: "*Ek is ŉ wilde, woeste haai*". Oor watter tipe vis handel hierdie gedig?
6. Lees weer die eerste versreël: "*Ek is ŉ wilde, woeste haai*". Watter klanke word aan die begin van woorde in hierdie reël herhaal? Onderstreep die klanke wat herhaal word. Wat word hiermee beklemtoon?
7. Verbeelding speel ŉ baie groot rol in hierdie gedig. Wat verbeel die spreker hom?
8. Waarvan lewe die haai?
9. Sinne wat saamgegroepeer word in ŉ storie word ŉ "paragraaf" genoem. Versreëls wat saamgegroepeer word in ŉ gedig word ŉ "*strofe*" genoem, byvoorbeeld:

   *Ek is ŉ wilde, woeste haai*
   *wat jakker in ŉ vreemde baai.*
   *Ek flits deur water diep en blou*
   *om snoek te vang en kabeljou.*

   Hoeveel strofes is daar in die gedig?

10. In die eerste tot derde strofes kom ons agter hoe die vis beweeg en wat hy doen.
    a. Die woord "*jakker*" beteken "baljaar" of "woelig speel". Onderstreep telkens die korrekte antwoord. Gewoonlik praat ons van (kinders/visse) wat baljaar. In hierdie gedig is dit ŉ (vis/kind) wat in die water baljaar.
    b. Die woord "*flits*".beteken "vinnig/rats beweeg". Hoekom moet die vis so vinnig beweeg? Wat wil die vis vang?
    c. Die woord "*dartel*" beteken: (1) "op ŉ vrolike of speelse manier rondbeweeg"; (2)"fladder"; (3) "huppel". Watter een van hierdie betekenisse pas die beste in hierdie gedig?
    d. Die vis in hierdie strofes beweeg (vinnig/stadig), (vrolik/nors), (speels/ernstig) en (woelig/rustig) rond. Onderstreep al die korrekte woorde.
11. Wat doen die vis as hy honger is in die tweede strofe?
12. In die derde strofe word die branders beskryf. Die branders gaan ............ en ........... en breek in ..................
13. Watter tipiese handeling voer die haai uit in die derde strofe?
14. Lees die volgende versreël: "*bo sien hul net my skerpe vin*." Waarom gebruik die digter "*skerpe*" en nie "skerp" nie? (bo sien hul net my skerp vin).
15. Hoe beweeg die haai nou in die laaste strofe?
16. Wat is die verrassende slot in hierdie gedig? Dit laat jou (glimlag/huil). Onderstreep die korrekte woord.
17. Die spreker in die gedig kattemaai (baljaar luidrugtig) in die water. Daarom het sy ............ by die deur van die badkamer gaan staan en met hom .....................
18. In die laaste strofe word die –a-klank herhaal: "*maar ag, daar's Ma weer buitekant!*" Watter gevoel skep die herhaling van hierdie onderstreepte klanke by jou?
19. Wie is die spreker in hierdie gedig?
20. Rym is wanneer die vokale (klinkers) en konsonante (medeklinkers) aan die einde van ŉ woord dieselfde klink as die vokale en konsonante aan die einde van ŉ ander woord in

dieselfde strofe, byvoorbeeld "*h<u>aai</u>*" en "*b<u>aai</u>*". Skryf die woorde neer wat rym in die tweede, derde en vierde strofes.

21. Die woorde wat dieselfde klink (rymwoorde) in die gedig "***Die Vis***" het 'n sekere patroon: "*h<u>aai</u>*" en "*b<u>aai</u>*" vorm 'n paar en "*bl<u>ou</u>*" en "*kabelj<u>ou</u>*" vorm 'n paar, want hulle staan langs mekaar. Daarom praat ons van ...........rym (een woord).

## Stappe vir die aanbied van die poësieles:

I. **<u>Wek-en-rigmoment/Inleiding</u>**: Vertoon 'n visuele stimulus soos 'n prent van 'n haai om leerders se belangstelling te prikkel. **<u>Klasbespreking</u>**: Vra spesifieke vrae om die voorafkennis van leerders te toets oor die tema van die les en om die lesonderwerp aan te kondig. Tema: "Watter soort vis is dit?"; "Waar tref ons hierdie vis aan?"; "Waarvan lewe hierdie vis?" Lesonderwerp: (1) Die gedig se naam word "die titel" genoem. Wat is die titel van hierdie gedig? (2) Die persoon wat die gedig geskryf het (die digter), word langs die titel genoem. Wie is die digter van hierdie gedig?

II. **<u>Aanbieding</u>**:
   1) Voorlesing van die gedig deur die onderwyser.
   2) Die onderstreep van onbekende of moeilike woorde deur die leerders: Woordeskatuitbreiding met behulp van woordeboeke.
   3) Lees weer die gedig en beantwoord vrae (3) tot (21) in 'n klasgesprek.
   4) Groepwerk:
      i. Leerders word in groepe ingedeel. Elke groep bestaan uit 4 leerders: die groepleier (handhaaf orde en lei die bespreking); die tydhouer (sien toe dat die bespreking binne 'n vasgestelde tyd afgehandel word); die sekretaris/-esse (skryf punte neer); die rapporteerder (rapporteer terug).
      ii. Aan elke groep word die vraag oor die gedig gegee wat hulle moet beantwoord: **Bespreek in julle groepe wat die hoofgedagte van elke strofe is**.
      iii. Na 5 – 10 minute volg die terugvoering: die rapporeerder in elke groep gee die antwoorde op die vrae. Wanneer 'n groep 'n vraag beantwoord, moet die ander groepe baie goed luister. Die ander groepe mag nie die antwoord herhaal nie, maar kan byvoeg of verskil.

III. **<u>Konsolidering</u>**: 'n Klaswerkaktiwiteit word gegee: Sê in een sin waaroor die gedig gaan.

**<u>Evaluering</u>**: 'n Skriftelike aktiwiteit word vir vaslegging gegee: Skryf 4 sinne neer om in jou eie woorde te vertel waaroor die gedig gaan.

## B. Graad 4-les vir Afrikaans Tweede Taal

**<u>Algemene doelstelling</u>:** *Leerders sal gedigte lees.*

**<u>Spesifieke doelstelling</u>:** *Leerders behoort in staat te wees om eenvoudige en kort gediggies selfstandig te lees en vrae daaroor te beantwoord.*

**Tema: 'n Ou, ou dierestorie (oor insekte) – Tema in *Afrikaans sonder grense Graad 4***

**Muskiet** deur Pieter W. Grobbelaar

Haai! Muskiet,
jou zoemerige ding:
al op die een noot
sing, sing, sing.

Zoei! teen die dak,
en zoei! om my kop,
zoei! teen my neus –
en dáár sit die knop.

Nee-a, Muskiet,
laat staan nou jou nuk,
of ek sal jou mos
papelelletjies ruk.

1. Die spreker is dié een wat in die gedig "praat". Met wie praat die spreker in hierdie gedig?
2. Wat is die geluid wat die muskiet maak?
3. Hoe klink die geluid wat die muskiet maak vir die spreker volgens strofe 1?
4. Wat doen die muskiet voordat sy die spreker byt?
5. Wat gebeur wanneer 'n muskiet jou byt?
6. Die ma sê vir die stoute kind om sy nukke te laat staan. Sy bedoel dat die stoute kind sy onvriendelike/eiesinnige houding of bui moet laat staan. Die spreker sê: "Muskiet, laat staan nou jou nuk." Watter nuk moet die muskiet laat staan?
7. Wat sal die spreker doen as die muskiet nie sy nuk laat staan nie?

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

## Stappe vir die aanbied van die poësieles:

I. **Wek-en-rigmoment/Inleiding**: Vertoon 'n visuele stimulus soos 'n prent van 'n muskiet om leerders se belangstelling te prikkel. **Klasbespreking**: Vra spesifieke vrae om die voorafkennis van leerders te toets oor die tema van die les en om die lesonderwerp aan te kondig. Tema: "Watter soort insek is dit?"; "Wat doen die muskietwyfie waarvan mense niks hou nie?"; "In watter seisoen of seisoene byt die muskiet mense?"; "Wat het die muskietwyfie nodig om haar eiers te lê sodat die muskietnasie kan voortbestaan?" Lesonderwerp: (1) Die gedig se naam word ook "die titel" genoem. Wat is die titel van hierdie gedig? (2) Die persoon wat die gedig geskryf het (die digter), word langs die titel genoem. Wie is die digter van hierdie gedig?

II. **Aanbieding**:
    1) Voorlesing van die gedig deur die onderwyser.
    2) Die onderstreep van onbekende of moeilike woorde deur die leerders: Woordeskatuitbreiding met behulp van woordeboeke.
    3) Lees weer die gedig en beantwoord vrae (1) tot (7) in 'n klasgesprek.

4) Begeleide lees (groepleesstrategie waartydens al die groeplede dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser lees):
    i. Leerkrag lees hardop met die nodige volume, duidelikheid, spoed/vloeiendheid, toon/atmosfeer, houding/lyftaal en interpretasie of vertolking.
    ii. Leerders lees saggies saam en boots die onderwyser in alles na.

**III.** **Konsolidering**: Enkele leerders lees die gedig met gevoel en ʼn interpretasie van die emosies wat ter sprake is, voor.

**Evaluering**: ʼn Skriftelike aktiwiteit word vir vaslegging gegee:

Voltooi die volgende sinne:

Die muskiet .............. teen die ........... Dan .............. die muskiet .............. my kop. Die muskiet gaan sit op my .............. en daar sit die ............... "Muskiet, as jy nie ophou daarmee nie, sal ek jou .......... ............!"